



**KUNS EN  
VERMAAK**

# Dosent stal by museum uit



**Gwen McLellan**

**Potchefstroom — Gwen McLellan, skilder-  
kuns-lektrise by die Potchefstroomse  
Universiteit, se eerste solo-uitstalling open  
op 27 Julie in die uitstalsale van die Pot-  
chefstroomse Museum.**

Philip Badenhorst, Gwen se mededosent, sal die uit-  
stalling om 19:00 open.

Skilderye en gemengde media-tekeninge is vir die  
kunstenaar 'n ontdekkingstog wat haar persoonlike  
ervaring en eietydse menswees weerspieël. Tog gee  
sy aandag aan isolasie, wat sy sien as 'n dilemma van  
die tyd waarin ons leef. Haar werke kan gesien word  
binne die post-modernistiese idioom.

Hoewel Gwen McLellan al aan sewentien groeps-  
tentoonstellinge deelgeneem het, is hierdie haar eers-  
te solotentoonstelling.

Die uitstalling duur tot 21 Augustus en kan daaglik  
tussen 09:00 en 19:00 besigtig word.